

Die grootste siekte vandag

Johan Smith

Siekte is nooit 'n lekker ding nie. Siekte is nooit 'n mooi ding nie. Siekte is vir niemand lekker nie. Dit affekteer die siek persoon en almal om hom. Siekte vra baie keer doktersbehandeling. Gereeld is medisyne nodig om ontslae te raak van siekte. Wel, nog nooit was daar in die geskiedenis so 'n terminale, ernstige siekte onder jongmense in die wêreld vandag as die siektetoestand **INSTANT GRATIFICATION** nie.

Die gemors met die siekte is dat dit lekker lyk met die eerste oogopslag. Die gevolge vir 'n jongmens is doodgewoon lekker – altans so dink hulle. Dit is mos lekker om net jou vingers te klap en pa of ma spring. Dis mos lekker om altyd jou sin te kry. Dit is mos lekker om te manipuleer met 'n pynuitdrukking-gesiggie en pa of ma spring in en help en red. Dit is mos lekker om die nuutste en die vinnigste te wil hê en dit val in jou skoot. Heerlike korttermyn gevolge wat die jongmens dadelik lekker laat voel. Ongelukkig net vir 'n baie kort rukkie!

Wel, soos die **instant gratification** aanhou en pa en ma aanhou “ja” sê, word dit 'n gedragpatroon, 'n gewoonte, 'n leefwyse. Die kind kry die boodskap: dis hoe die lewe werk. Ek klap my vingers en almal spring. Die lewe draai om hom of haar. Die nuwe drie-eenheid, *me, myself and I* word gevoed. Dis oneindig hartseer, want dis om 'n kind groot te maak vir 'n wêreld wat nie bestaan nie. Huwelike gaan uitmekaar val as gevolg van die vals illusie oor die lewe. Jou kind gaan by die werk afgedank word omdat die baas nie die selfgerigte ego'tjie verder gaan voed of duld nie.

Liewe ouer, leer weer die woord: **NEE!** Doen jouself en jou kind die guns en gebruik die woord **NEE** meer gereeld. Dis hoe die werklike lewe lyk wat vir jou kind wag. Hou op om jou kind voor te berei vir 'n wêreld wat nie bestaan nie.

Leer jou kind om nie 'n slagoffer te wees nie, maar verantwoordelikheid van negatiewe gedrag te aanvaar. Hou op om jou kind te red! Jy hoef nie 'n doktersafspraak te maak nie. Die medikasie is gratis soos jy die "voorskrif" hier lees.

Dit vra egter dapper ouerskap. Niemand het ooit gesê dit gaan maklik wees nie. Dis tyd dat die generasie streng kinders die regte medisyne kry ter wille van hulle eie gesonde toekoms. Seën jou kind deur 'n baie liefdevolle en streng ouer te wees. Seën jou kind en gebruik die woord **NEE** baie meer. Seën jou kind en leer hulle om deur pyn en teleurstelling te werk in plaas van hulle elke keer te red.

'n Generasie bang ouers en 'n generasie streng kinders is besig om doelgerig te werk aan ernstige gevolge oor tyd as gevolg van hierdie terminale siekte wat ons noem *instant gratification*. Pa en ma, jy is die dokter in die geval. Jy hou die sleutel in jou hand wat jou kind se toekoms aanbetref. Maak jou kind groot vir die regte wêreld.....anders wag daar groot pyn en ontnugtering.

Wie is VitaAmp?

VitaAmp is 'n nie-winsgewende organisasie wat 'n hart en passie het vir ouers, leiers, onderwysers en jongmense. Die doel is om hierdie groepe onderskeidelik weer te leer dat die lewe voluit gelewe moet word soos Jesus dit bedoel het in John 10:10, "Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, ja, sodat hulle dit oorfloedig het."

Besoek ons webwerf:

www.VitaAmp.org

Kontak VitaAmp:

info@VitaAmp.org

082 457 4696